

Sprokies vir vroue

LAPA se Romanza-klub is vanjaar 5 jaar oud. Dié liefdesverhaalklub het sy ontstaan gehad uit 'n lang en wonderlike geskiedenis van liefdesverhale wat deur LAPA gepubliseer is en nogsteeds gepubliseer word. Liefdesverhale in verskillende vorms is gewild – dis 'n feit. Nie net in Suid-Afrika nie, maar ook wêreldwyd.

KRISTEL LOOTS en CHANETTE PAUL, twee van Suid-Afrika se mees gewilde liefdesverhaalskrywers, gesels oor dié sprokies vir vroue.

Hoekom is liefdesverhale so gewild?

Chanette vertel: Die liefdesverhaal is vir vroue wat 'n sprokie vir kinders is. Terwyl sy lees, ontsnap die leser uit haar onmiddellike werklikheid, voer haar vir 'n wyle weg uit 'n bestaan waar sy snags moontlik wakker lê oor 'n siek kind, 'n brutale man, 'n onaangename werksituasie of misdaadsyfers. Sy ontspan en voel gekoester en veilig in haar ek-tyd. In die proses word dieselfde goedvoel-hormone afgeskei as wanneer mens self verlief is. Sy

herleef ook nie net haar eie herinneringe nie, sy raak self weer van vooraf verlief op die held van die verhaal. Liefdesverhale werk helend in op seer harte, help die leser om te hoop op en te glo in dit wat goed en mooi en romanties is. Dit gee die leser weer moed. En as daar een ding is wat genesend op die mens inwerk, dan is dit die goeie en die mooie ... hoop en moed.

Vir Kristel Loots is dit die liefde wat relevant is: vir alle ouderdomme. Veral vroue se gedagte-wêreld word deur die

liefde oorheers. Liefde vir 'n man, liefde vir haar kinders. Of sy die wasgoed ophang en of sy haar kliënt in die hof verdedig – die behoefte daaraan om liefde te gee en te ontvang is altyd daar.

Cecilia Britz, bestuurder van die fiksie-afdeling by LAPA beskryf dit so: Liefdesverhale is so gewild, omdat daar in die 'werklike' lewe nie baie mans is wat vroue verstaan nie. Daarom maak die genre mans soos vroue hulle graag wil hê.

Hoe verskil die moderne liefdesverhaal van die ouer weergawe daarvan?

Volgens Chanette verskil die moderne liefdesverhaal van die ouer weergawe soveel soos wat die kontemporêre vrou en haar leesmaak verskil van haar ouma en dié se voorkeure. Ons leef in 'n ander wêreld as twee geslagte gelede. Die ouer liefdesverhale het êrens in die vyftigs vasgesteek, die kontemporêre liefdesverhaal weerspieël die vrou en die tydgees van vandag.

Ook weet ons nou al dat die leser vroeër jare buite die slaapkamer deur gelos is terwyl sy nou saam met die karakters daar instap en heelwat weet van wat tussen die lakens agter togetrekte gordyne gebeur, skerts Kristel.

Kristel se *Aspoesterskoene* en *Sjokoladesoene* is liefdesverhale van die vrou in haar middeljare. 'n Vrou in haar veertigerjare is nog lank nie klaar geleef nie en haar behoefte aan liefde is nogsteeds sterk of sterker as ooit. Kristel put haar inspirasie uit haar lesers met wie sy persoonlik kennis maak. "Ek sien dit telkemale – die droom leef voort en liefdesverhale vul 'n leemte."

Vir Cecilia is dit belangrik dat die heldin nie meer wag vir haar prins nie, sy red haarself sommer. Die held is ook nie meer 'n chauvinis nie, hy verstaan vroue en respekteer hulle.

Maar is liefdesverhale nie baie voorspelbaar nie?

Maar natuurlik is dit, sê Kristel. Ons lesers wéét die storie gaan 'n gelukkige einde hê. Dis waarom hulle dit lees. Wie wil nou daardie onvergenoegde gevoel hê wat jy ondervind wanneer jy na 'n flik kyk of 'n boek toemaak waar die held en heldin nie na alles wat gebeur het, mekaar gevind het nie. Nee wat, dit stem te veel ooreen met die werklike lewe wat jou so dikwels teleurstel. Dan kon jy netsowel nuus gekyk het of koerant gelees het. 'n Liefdesverhaal móét geloofwaardig wees, maar tog so ingekleur word dat jy van die werklikheid ontsnap. 'n Fyn balans en 'n kuns wat bemeester moet word.



Volgens Chanette is die uiteinde wel nie 'n geheim nie: die held en die heldin gaan mekaar vind, maar die onvoorspelbaarheid van die romanse lê nie in die *wie* nie, maar in die *hoe*. *Hoe* gaan die held en die heldin al hulle konflikte oplos, al die struikelblokke uit die weg ruim en probleme oorkom om uiteindelik vir altyd en ewig gelukkig saam te kan lewe.

Die leser wil veilig voel in die wete dat daar 'n gelukkige einde gaan wees en wil reeds vroeg in die verhaal weet wie by wie uit gaan kom, maar sy wil al lesende agterkom hoe op aarde hulle dit gaan regkry. Dis een van die aspekte wat die skryf van 'n liefdesverhaal so moeilik maak, naamlik om die spanning te behou. Dis juis waar die uitdaging vir die skrywer lê: om die leser bekommerd te hou oor die uitkoms van die verhaal al weet sy daar bestaan die kontrak tussen haar en die skrywer dat sy uiteindelik met 'n sug van behaaglikheid sal kan terugsit wanneer die held en heldin deur hulle sewe sakke sout geworstel het.

Dit maak nie saak hoe sinies of ontnugter 'n mens is nie. Jy wil nog altyd die mooiste vier woordjies in die wêreld hoor: ek het jou lief. As die liefde jou nie 'n bietjie soetsappig kan maak nie – wat kan dan?

Kristel vertel dat dit harde werk is om 'n suksesvolle liefdesverhaal te skryf wat positiewe goedvoel-emosies ontketen. Dis goedkoper en baie gesonder as Prozak of

enige ander produk wat jy in jou keel afgooi. Liefdesverhale is pienk spookasem – dis mooi en geurig en kleurig en heerlik en laat 'n soete nasmaak.

Die wêreld wemel van funky veertigjariges daarbuite wie se lewe na 'n egskeiding of die verlies van 'n lewensmaat verander. Dit is egter nie net die enkellopendes wat liefdesverhale lees en geniet nie. Liefde is binne almal se bereik.


Daar is genoeg probleme in die lewe – mense wil die lewe geniet. Daarom is die lees van liefdesverhale een van die vele maniere waarop Suid-Afrikaanse vroue ontspan.

Liefdesverhale is pienk spookasem – dis mooi en geurig en kleurig en heerlik en laat 'n soete nasmaak.

Lesers raak uitsoekerig met wat hulle lees. Daar kom 'n stadium dat jy verseg om baksteendikke boeke te lees omdat jy móét as jy wil saampraat en nie na die buitenste duisternis van ongeligtes verban wil word nie. Die lewe is kort en lees is nie veronderstel om harde werk te wees nie. Baie lesers is moeg gewroeg en wil werklik net agteroor sit en ontspan wanneer hulle 'n boek optel.

Die beste raad vir 'n swaar gemoed is dat jy vir 'n slag iets vir jouself doen en terugsit met 'n sprokie spesiaal vir jou ...

Boeiende fiksie



Romanza

Beleef die emosie ...

Sluit aan by die Romanza-klub vir slegs R99,95 per maand. Dit sluit in:

- 'n Gratis kope van *Droomman*, 'n Romanza wat spesiaal vir ons lede geskryf is en wat deur die skrywer onderteken is.
- Twee Romanzas word elke maand aan jou gepos en jou posgeld is ingesluit by die klubprys*.
- Jou derde en vierde maandelikse Romanza teen slegs R40,00 elk.
- 'n Maandelikse *Romanse-nuus* met spesiale aanbiedinge.

Kontak ons by 012 401 0700 of stuur 'n e-pos aan lahulp@lapa.co.za. Vir meer inligting, besoek ons webblad by www.lapa.co.za.

* Bepalings en voorwaardes geld. Om te kwalifiseer vir die gratis geskenk moet jy aansluit vir minstens 12 maande.

Beskikbaar by toonaangewende boekwinkels asook direk van die uitgewer.

www.lapa.co.za
lapa@lapa.co.za
 012 401 0700
 012 324 4460

lapa
 UITGEWERS